**Dinsdag 25 Desember (Kersfees)**

| **Skrifgedeelte: Johannes 1:1-18** | **Fokusgedeelte: Johannes 1:14** |
|---|---|

# Gods heerlikheid, vol genade en waarheid, op aarde

In hierdie woorde vier ons vandag Kersfees: *"Die Woord"* … in die begin reeds by God en self God (:1, 2) … *"het mens geword en onder ons kom woon"* (:14). Dít is die fokus van Johannes 1:1-18.

In Grieks verwys *"onder ons kom woon"* na *"tent opslaan"*. Dit herinner aan die Ou Testament waar die tabernakel (tentwoning) simbool van die Here in die *"heerlikheid"* van sy teenwoordigheid onder sy volk was. Hierdie *"heerlikheid"* het in Jesus Christus se koms na die aarde sigbaar in vervulling gegaan. Eie aan hierdie sigbare *"heerlikheid"* is die vol-gende: *"vol genade en waarheid"*.

- *Genade*: Dit is onverdiend dat die Seun onder ons kom woon het. In die skadu van die kruis het Hy onder ons kom woon om as sondaar in ons plek behandel te word, sodat ons deur God vrygespreek kan wees (1 Kor. 5:21). Die genade van vergewing van skuld wat *"ons nog aankleef"*, is deur Hom verwerf (gedagtig aan die voorgaande twee dagstukkies). In sonde ontvang en gebore, kleef die smet van erfsonde aan ons. Die Kind van God onder ons gebore, is werklik *"vol genade"*: van geboorte het Hy ons sondeskuld op Hom geneem sodat die genade van skuldvergifnis vir ons 'n werklikheid is.
- *Waarheid*: In die Woord wat mens geword het, is die waarheid van die Vader se raad en wil aangaande ons verlossing bekend gemaak. Die egtheid van ons verlossing skitter onvervals in en deur Jesus Christus wat gesê het: *"Ek is die weg en die waar-heid en die lewe"* (Joh. 14:6).

Hierin is die boodskap van Kersfees vandag, en elke dag, in blydskap te vier: Uit die oorvloed van Hom, in Wie die heerlikheid van Gods teenwoordigheid op aarde deur die geloof te sien is, ontvang ons genade op genade (:16). Johannes 1:1-18 is 'n lied waarin die mensgeworde Woord besing word. Gefokus op Gods Kind wat onder ons kom woon het, bring kinders van God net hierby te staan: *"… tot U lof vind my mond gedurig ruimer stof"* (Ps. 71).

*Sing: Psalm 71-1:9*

*Ds. EJ (Eddie) Tiemensma (Kempton Park)*